

## Lewende Bybelse Hebreeus in 'n week!

Die Skool vir Antieke Taal- en Teksstudie aan die Noordwes Universiteit, Potchefstroomkampus, bied 'n werkswinkel aan vir enigiemand wat basiese **Bybelse Hebreeus** wil aanleer of net hulle vaardighede wil opknap.

Hierdie werkswinkel is die eerste in sy soort in Suid-Afrika waar die “Lewende-Taal”-benadering in die aanleer van Bybelse Hebreeus gebruik word. Dié benadering maak dit moontlik om 'n antieke taal op 'n natuurlike manier en sonder die memorisering van grammatikale verbuigings en lang woordelyste aan te leer. Hierdie tegniek word suksesvol in Amerika en Israel gebruik om beginners sowel as fasiliteerders se Bybels-Hebreeuse taalvaardigheid te ontwikkel en te verbeter. Dit bied ook die geleentheid vir Bybels-Hebreeuse fasiliteerders om waar te neem hoe hierdie nuwe taal-aanleer benadering in hulle eie fasilitering van Bybelse Hebreeus geïmplementeer kan word.

Instrukteurs: Liza en Jaco Lemmer

Liza is tans 'n dosent in Bybelse Hebreeus aan die Noordwes-Universiteit. Liza en Jaco het pas 'n intensiewe kursus in die Lewende Bybels-Hebreeuse benadering in die VSA voltooi onder leiding van dr. Randall Buth, die outeur van bogenoemde benadering.

Datum: 24-28 November 2014.

Tyd: 08:00-16:30

Koste: R1500 p.p. (werkswinkelfasilitering, studiemateriaal in die vorm van 'n werkboek en mp3-disket (of mp4), en middagetes ingesluit). Studente kan aansoek doen vir afslag.

Navrae: Erika Meyer by Erika.Meyer@nwu.ac.za of (018) 299 4082.

Bankbesonderhede: Noordwes-Universiteit,  
ABSA,  
Rekeningnommer: 670642313,  
Takkode: 632005.

Gebruik asb. [LBH + u van] as verwysing en faks of e-pos die bewys na 086 564 7983 of Erika.Meyer@nwu.ac.za.

***Daar is slegs 25 pakkette vir hierdie werkswinkel beskikbaar – diegene wat dus beplan om dit mee te maak moet spoedig reageer om 'n plek te verseker! Daar is ook 'n opsie om vir 'n verdere drie weke aan te bly. Gedurende hierdie drie weke sal daar voorgebou word op die eerste week en gevorder word tot op 'n intermediêre vlak.***

Klik asb. op hierdie [skakel](#) om die registrasievorm te voltooi. Registrasies sluit 3 November 2014.